ds. PJ Kriel 17.03.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus in Getsemane sy Knegskap volgens Jesaja 53 aanvaar het, al wou Hy dit aanvanklik nie gedoen het nie. Christus weet Hy moet die haat van die Vader in Homself dra sodat sondaars nooit godverlate sal wees nie. Deel van sy Knegskap is dat sy dissipels nie in Hom as die Kneg glo nie en Hom daarom ook nie ondersteun nie maar verlaat. In die geestelike narsisme van vandag wil mense hul eie angste inleef in wat met Jesus Christus in Getsemane gebeur het en nie die rus vind in sy godverlatenheid nie .

Skriflesing Jesaja 53: 1 – 11; Matteus 26: 31, 32, 36 – 46, 56.

Teks Mat. 26: 56 “Maar dit alles het gebeur sodat die Skrifte van die profete vervul sou word.

Tema Christus dra die Vader se haat en verwerping, nie ons nie.

1. Die vorige twee kere het ons saam gekyk na die Here se intog in Jerusalem en die moordplan teen die Here. Nou gaan ons kyk na wat met die Here in Getsemane gebeur het.

Wat gebeur in Getsemane?

Die Here verduidelik self wat met Hom en sy dissipels in Getsemane gebeur terwyl hulle saam van die Nagmaal na die Olyfberg toe loop wat daar gaan gebeur: “Julle sal almal hierdie nag van my afvallig raak.” Afvallig raak beteken dat elke dissipel nie meer in Jesus as die Messias sal glo nie. Die Here gee self die rede vir hulle afvalligheid aan. God die Vader gaan self die Herder doodmaak en God die Vader gaan self die Herder se skape, die dissipels, uitmekaar uit jaag.

Dit is wat Getsemane gaan gebeur.

Die rede vir wat God die Vader met Christus en sy dissipels gaan doen word in ons teksvers gegee. God laat alles so gebeur dat alles wat oor God die Vader en God die Seun volgens die Dawidsbelofte in die profete openbaar is in Getsemane begin om tot vervulling te kom.

Wat gebeur in Getsemane?

Jesus aanvaar dat die oomblik van sy knegskap soos God dit in Jesaja 53 openbaar het, nou gaan gebeur. Wanneer die Here bid “laat hierdie beker by My verbygaan”, is sy beker alles wat volgens Jes. 53 met die Kneg van God gaan gebeur: “Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat vir ons vrede bewerk, was op Hom en deur sy wonde is daar vir ons genesing.” (Jes. 53: 5)

2. Wanneer ‘n mens ‘n kind straf reageer hulle nie soseer op die fisiese pakslae of hou nie. Hulle reageer op wat hulle in jou voel. Wat hulle skok is om waar hulle weet liefde en aanvaarding is, woede en afkeur te sien. Dit is hierdie skok wat hulle laat huil om weer liefde en aanvaarding te kry.

Wat wys die woorde oor die Kneg in Jes. 53 wat gaan die  Seun van die Vader in die Vader ervaar, wanneer die Vader hom verbrysel, die Vader Hom deurboor en die Vader Hom verwond? Christus openbaar self wat die verbryseling, deurboring en verwonding van hom deur die Vader beteken in sy woorde in Matteus 27:26  " My God, my God waarom het U my verlaat?"

Nie hoekom is ek met swepe geslaan, gespoeg, 'n doringkroon op my kop gedruk, spykers in M ingekap, is ek dors en sterf ek saam met goddeloses nie? Maar, hoekom het U my as Vader verlaat? Die Seun sien so in alles wat met Hom gebeur die haat van die Vader en die verwerping deur die Vader. Dit is wat "verlaat" beteken.

Dit is wat in Getsemane gebeur! Christus sien dat die oomblik om God die Vader se haat en verwerping te dra, is nou hier. Dit gaan nou gebeur.

Watter haat en verwerping?

Vir die hele kerk se sondes vanaf Abraham tot en met elke gelowige tot die wederkoms van Christus. Hy is vir al hul sondes die skuldoffer en neem hulle sondeskuld op Hom. Alle haat van God vir alle sondes en God se volle verwerping vir alle sondaars gaan in een oomblik van woede in Christus afgewend word.

Dan gebeur iets uitsonderlik! In Christus se gebed word openbaar dat Hy wat self God is nie kans sien vir hierdie oomblik nie en dit nie wil doen nie. Dit is die openbaring oor wat in God gebeur  met Christus se gebede: " My Vader, as dit moontlik is laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil." En ook " My Vader as dit nie moontlik is dat hierdie beker verbygaan sonder dat Ek dit drink nie – laat U wil geskied."

Christus, self God die Seun van God die Vader met dieselfde krag, mag, gesag en outoriteit van God wat Hy in sy wonder s openbaar het, sien nie kans en wil nie die haat van verwerping van die Vader dra nie.

3. In Christus se gebede in Getsemane sien ons 'n binne-gesprek in God tussen God die Seun en God die Vader. Dit is net soos ons in die gebed van Christus in Johannes 17 in 'n binne-gesprek in God, God die Vader en Seun se liefde vir mekaar en hulle liefde vir ons sien.

Hier sien ons in Getsemane dat God die Seun nie kans sien vir wat God die Vader met Hom gaan doen nie, al het Hy dieselfde krag en mag as die Vader.

So verskriklik is die haat in God vir sonde in die verwerping wat Christus op Homself neem!

Angs in God!

Ons mag nooit Christus se angs in Getsemane minag as net nog 'n mens se vrees vir die kruisiging, geseling, vernedering en dood nie. Derduisende mense het voor en na Christus so onder die romeinse geweld dapper en doodsveragtend as helde vir hul volk gesterf. So het hulle die haat en verwerping van hul vyande gedra,  maar niemand het God de Vader se haat en verwerping vir sonde in hulle dood gedra nie.

Getsemane gaan oor die angs van God die Seun wat deur God die Vader verlaat word. (Mat. 27: 46) Die verskrikking hiervan skep in God self ‘n angs in die Seun teenoor die Vader.

4. Wat sien ‘n mens in die dissipels in die tuin van Getsemane gebeur?

Die Here vra dat hulle saam met Hom in sy droefheid en angs sal waak. Hulle slaap deur sy angs-oomblik. Die Here vermaan hulle dat hulle moet waak en bid dat hulle nie in die versoeking kom om Hom as die Christus in Getsemane verwerp nie. Hulle slaap deur hulle eie versoeking heen. Toe laat Christus hulle agter.

Wat gebeur hiet? Dit wat Jesaja 53 oor die Kneg van God openbaar het, word in Christus waar. In Getsemane is Hy nie deur sy dissipels en ag nie en het hulle Hom as die Messias geminag. In Getsemane het sy dissipels Jesus aanskou as ‘n valse Christus wat deur God geslaan en verneder word. In Getsemane het hulle soos kleinvee gedwaal en het elkeen sy eie koers ingeslaan en het nie een van hulle aan Jesus se lot gedink nie.

In hierdie oomblik in Getsemane slaan die Vader die Seun en jaag die skape van die trop uitmekaar. (Mat. 26: 31)

5. Hierdie oomblik waarin die Vader die Seun slaan en die dissipels uitmekaar jaag (Mat. 26: 31), is soos wanneer ‘n pa ‘n kind straf. Hy doen dit eenkant in ‘n binnekamer waar niemand dit kan sien of kan hoor nie en jaag al die ander kinders en ook sy vrou uit die kamer dat hierdie strafoomblik net tussen hom en sy kind is.

Die dissipels slaap in Getsemane omdat hulle nie geglo het hoe Jesus die Christus moet wees nie. Hulle was gerus dat hy met die goddelike mag wat Hy in sy wonders vertoon het Homself die volgende dag as Koning sal uitroep en dan met hierdie mag oor die volk Israel sal regeer. Toe Christus Homself laat gevange neem en hulle keer om vir Hom te veg, het hulle Hom in Getsemane verlaat omdat hulle nie so ‘n Messias kan glo nie.

Ons mag nooit die dissipels se slaap en vlug in Getsemane sien as ongemotiveerdheid, onbetroubaarheid, dislojaliteit of halfhartigheid nie. In wat slaap en vlug moet ons die oordeel van die Vader oor sy Seun sien en die Seun wat in hierdie oomblik die Kneg van Jes. 53 word.

Ons moet die Jesus as Here en God vind in Getsemane! Ons moet hier die oomblik in God vind wat vir God self te veel was. Die oomblik wat God nie kans sien vir wat Hy moet doen nie. Ons moet die haat en woede sien wat die Vader die Seun mee tref vir die sonde van die wêreld en die Seun wat hierdie haat en woed op Homself neem. In hierdie oomblik in God in Getsemane moet ons die Here vind wat sorg dat daar nooit vir enige een van sy kinders so oomblik tussen hulle en God sal wees soos wat Hy in Getsemane op Homself geneem het nie – Godverlate in die haat en verwerping van God.

In die Here se oomblik in Getsemane moet ons juis die teendeel vind in God: god sluit ons in sy Seun in en aanvaar ons en laat ons in sy liefde deel, al is ons sondaars en sondig, God het ons straf- en oordeel-oomblik in Homself opgeneem.

6. Ons leef in ‘n tyd van geestelike narsisme. Dit is geestelike selfliefde. Dit is om al die aandag en liefde wat God kry, jou eie aandag en liefde te wil maak. Met hierdie ingesteldheid wil mense in alles wie Jesus Christus is, net weer hulle self raaksien en self beleef. En geestelikes preek ook Jesus só vir hierdie geestelike narsisme: jy moet Jesus se ervarings as jou eie ervarings beleef en in Jesus se ervarings jouself beleef. In hierdie narsistiese geestelikheid is mense blind vir hoe Christus Homself openbaar.

In Christus se oomblik in Getsemane wil hulle ook hulle eie Getsemane oomblikke sien en beleef. Wil hulle hul eie angs, droefheid en swaarkry sien en beleef. Wil hulle voel dat: “ Ek het ook my beker wat ek moet aanvaar soos Jesus; Ek word ook deur mense verlaat soos Jesus; Mense slaap ook terwyl hulle my moet ondersteun soos met Jesus; Ek moet ook kan bid soos Jesus in Getsemane; Ek moet ook my swaarkry aanvaar, opstaan en self oorgee soos Jesus; ek moet nie slaap soos Jesus se dissipels nie maar waak en bid soos hulle nie gedoen het nie. God sal my krag gee en met my wees net soos met Jesus.”

In hierdie geestelike selfliefde is mense totaal blind vir wie Christus alleen is. Christus was net eenkeer die Kneg van God en wat met Jesus Christus en sy dissipels in Getsemane gebeur het sal nooit weer met die Here of sy kerk gebeur nie. Christus is nou vir ons die Herder wat ons in sy genade en liefde versamel, nie die Kneg wat geslaan word en ons wat verstrooi word nie.

In die angs van Christus in Getsemane ervaar ons nie wat Jesus ervaar het nie. Inteendeel! In Hom ontdek ons dat in geen angs in swaarkry, siekte en dood ons ooit godverlate kan wees of deur God verwerp kan wees nie. Hierdie oomblik het in Christus gebeur en kan nooit weer met ons gebeur nie.

Jesus se gebede in Getsemane leer ons ook nie hoe ons moet bid nie. Dit het die Here ons in die “Ons Vader” geleer. In Christus ontdek ons hoe ons nooit mag bid nie – met die angs van godverlatenheid nie.

Ons beleef nie onsself in Christus nie of maak nie sy gewoontes ons gewoontes nie. Ons vind en aanbid Hom as die Herder wat geslaan was om ons na waters waar daar rus is te lei.